

### **Loflied – 190: 1-3**

1. Grote God aan U die eer! Heerlik is waar U regeer;  
hemels is u majesteit; heilig u geregtigheid.  
U wat alles onderhou, U is ewig en getrou.
2. In genade groot en ryk, bou U, Heer, u koninkryk.  
Voordat ek kon kies kon vra, het u Seun my vloek gedra.  
Ek kon vind: U't my gekry, voor ek nog my skuld bely.
3. U, oor alles God en Hoof, open oë van geloof  
dat ons sien, geen goed of kwaad, word aan toeval oorgelaat:  
Bokant ons begrip, verstand, hou U al wat is in stand.

### **Vredesgroet Kinderkerk**

### **Verootmoediging en skuldbelydenis – 2 Kor. 5:6-10**

#### **Lied 231: 1-2**

1. Heilig, heilig, heilig, Here,  
U is heilig sonder perk;  
ons kom sing U naam ter ere –  
bid dat U in ons sal werk.  
Ons onheiligheid, o Heer,  
dwing ons op ons knieë neer.  
Ons kom pleit om u genade:  
Heer, verlos ons van die kwade.
2. Wat geskep is deur u hande -  
dit was heilig, rein en goed;  
maar die sonde bring die skande,  
bring die seer in ons gemoed.  
Ons verstand is swak en klein,  
ook ons strewe is onrein.  
Ons is, Heer, in skuld gebore -  
sonder U is ons verlore.

### **Genadeverkondiging – 2 Kor. 5: 14-15,17**

### **Lied 232: 2**

2. Om ons vry te maak van sonde  
het u Seun gesterf, o God!  
Deur geloof aan Hom verbonde,  
sal ons leef na sy gebod.  
Liefd' het U na ons gebring -  
Jesus, laat u liefde ons dring,  
laat die liefde, so verhewe,  
ons besiel deur heel ons lewe!

### **Apostoliese Geloofsbelydenis as toeëiening van genade**

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.  
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;  
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;  
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,  
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;  
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;  
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God,  
die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.  
Ek glo in die Heilige Gees.  
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,  
die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes;  
die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe.  
Amen.

### **GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL**

#### **Gebed om die opening van die Woord**

#### **Lied 442: 1-2**

1. Gees van God wat in my woon, breek die Woord vir my.  
Gees van God wat in my woon, kom en heilig my.  
Troos my, sterk my, leer my, lei my.  
Gees van God, kom heilig my – breek die Woord vir my.
2. Gees van God wat lewend maak, vul my meer en meer.  
Gees van God wat lewend maak, vorm my tot u eer.  
Troos my, sterk my, leer my, lei my.  
Gees van God, vul my al meer – vorm my tot u eer.

**Skriflesing – Markus 4: 26-34**  
**Boodskap**

## **SAAM MET GOD AAN TAFEL**

**Opsteek van kerse by die Christuskers en  
Offergawes**

### **GOD STUUR ONS...**

**Slotlied – 488: 1-5**

1. Helder skyn u lig vir die nasies,  
'n vreugdeglans om die mense te verlig  
tot die hele wêreld kan sien  
U is die lig.  
Mag u lig, Heer, deur óns skyn.

2. Vrolik klink ons lied vir die volke,  
'n pryslied bring  
al die nasies om ons saam  
tot die hele wêreld kan jubel oor u Naam  
Mag u lof, Heer, deur óns klink.

3. Balsem bring herstel vir die wonde,  
'n sagte salf vir die mense met hul seer  
tot die hele wêreld kan sien  
dat U genees.  
Mag U troos, Heer, deur óns bied.

4. Heer, u Woord gee hoop aan die nasies;  
'n hartvol hoop om die volke te verbly  
tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.  
Mag U hoop, Heer, deur óns gee.

5. U is Koning, Heer, oor die aarde.  
Die mense vra na u wil om U te eer  
tot die hele wêreld kan juig dat U regeer.  
Laat u ryk, Heer, in óns kom!  
Laat u ryk, Heer, deur óns kom!  
Laat u ryk, Heer, oral kom!

**Seëngroet**  
**Amen - Lied 314 [x2]**

# ***EREDIENS***

**17 Junie 2012**  
**Ned. Geref. Gemeente Pinelands**  
**3e Sondag in Koninkrykstyf**

---

## **GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM**

**Verwelkoming en Bulletin**

**Gebed met die opening van die erediens**

**Aanvangslied – 169: 1-3**

1. Heilig, heilig, heilig, Heer, God almagtig,  
groot is u troon, U is steeds met lof omring!  
Heilig, heilig, heilig, liefderyk, genadig -  
u troon is steeds met lig en lof omring!

2. Heilig, heilig, heilig, Heerser vir ewig;  
groot is u Naam – U die Vader, Seun en Gees.  
Grote God, ons eer U, met u hele skepping.  
U wat in liefde God regverdig is.

3. Heilig, heilig, heilig, Heer, so weldadig,  
groot is u guns, want U buig U tot ons neer!  
Heilig, heilig, heilig, magtig en genadig.  
U wás en ís en sál vir ewig wees.

**Aanvangswoord (Eseg 17: 22-24)**

**V:** So sê die Here my God: "Ek vat die top van die hoë seder weg en plant hom, Ek pluk die sagte boonste takkie af en plant hom op 'n hoë berg. Ek plant hom hoog op die bergland van Israel waar hy takke sal maak en saad sal skiet. Hy sal 'n pragtige seder word, en in hom sal al die voëls woon; al wat vlerke het, sal in die skaduwee van sy takke nes maak."

**G:** "Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is."

**A:** Amen.

**Seëngroet**

**V:** Genade en vrede van God die Vader -

**G:** Aan sy liefde is daar geen einde nie.

**V:** En van Jesus Christus -

**G:** Ons skuld het Hy gedra.

**V:** En van die Heilige Gees -

**G:** Hy maak ons nuut.